HOËRSKOOL BRACKENFELL

GEDRAGSKODE

HERSIENING: 18 Augustus 2021

DATUM VAN INWERKINGTREDING: 10 September 2021

INHOUDSOPGAWE

ONDERWERP	BLS
DEEL 1 – ALGEMEEN	
DIE DOEL EN OOGMERK VAN DIE GEDRAGSKODE	3
AGTERGROND	5
WOORDBEPALINGS	6
DEEL 2 - GEDRAGSREËLS	
1. INLEIDING	8
2. GRONDREËL	8
3. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS	8
4. RESPEK	9
5. ALGEMENE SKOOLREËLS	10
6. KLEREDRAG EN VOORKOMS	11
7. STIPTELIKHEID EN AFWESIGHEID	12
8. OMGEWING	12
9. SELFONE EN ELEKTRONIESE TOESTELLE	13
10. SKOOLKENNISGEWINGS	13
11. SKOOLWERK EN HUISWERK	13
12. TOETSE EN EKSAMENS	14
DEEL 3 **KATEGORIEË VAN WANGEDRAG EN DISSIPLINÊRE STELSEL**	
1. KATEGORIEË VAN WANGEDRAG	14
2. DISSIPLINÊRE STELSEL	15
- *SKEDULE A* : OORTREDINGS EN DISSIPLINÊRE PUNTE	15
- *SKEDULE B* : STRAFMAATREËLS EN PROSEDURES	21
- *VLOEIDIAGRAM:* STRAFMAATREËLS EN PROSEDURES	22
- KREDIETPUNTE	23
- *SKEDULE C* : DISSIPLINÊRE PROSEDURES	23
DEEL 4 - ALGEMENE BEPALINGS	
1. WYSIGING VAN GEDRAGSKODE	25
2. INTERPRETASIE	25
DEEL 5 - BYLAE	
BYLAAG 1 - BELEID TEN OPSIGTE VAN SKOOLKLERE EN VOORKOMS	26
BYLAAG 2 - BELEID TEN OPSIGTE VAN “AFKOELKAMER”	31
BYLAAG 3 - BUITEMUURSE AKTIWITEITE	34
BYLAAG 4 – VERBODE AREAS	35

DEEL 1

ALGEMEEN

1 DIE DOEL EN OOGMERK VAN DIE GEDRAGSKODE

Die Gedragskode van Hoërskool Brackenfell is opgestel in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet no. 108 van 1996) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996, soos gewysig), en streef daarna om die regte van leerders as individue en as ‘n groep te handhaaf en te beskerm.

Die primêre doel van die gedragskode is om ‘n gedissiplineerde en konstruktiewe leer-omgewing vir alle leerders te verseker en om sodoende kwaliteit opvoeding te behou en te bevorder.

Hierdie gedragskode is, in ooreenstemming met Artikel 8(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, deur die Beheerliggaam van Hoërskool Brackenfell aanvaar na behoorlike oorlegpleging met die ouers, leerders en opvoeders van die skool.

Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met Algemene Kennisgewing 776 van 1998, gepubliseer in die Staatskoerant van 15 Mei 1998 (GG 18900), en is van toepassing op alle leerders, te alle tye en op alle plekke vir solank as wat die leerders by die skool ingeskryf is.

In ooreenstemming met Artikel 8(4) van die SA Skolewet, is daar niks wat bevat is in die Wet wat ‘n leerder vrystel van die verpligting om die gedragskode van die skool wat sodanige leerder bywoon, na te kom nie.

Ingevolge die Kode word dit van leerders verwag om die gesag van Opvoeders, lede van die Senior Raad (SR), Graad Raad (GR) en Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL)te gehoorsaam.

Die skool is saamgestel uit ‘n verskeidenheid/aantal kulture en die Gedragskode is daarop gemik om hierdie unieke karakter te bevorder en te beskerm. Dit poog om ‘n houding van wedersydse respek, verdraagsaamheid en versoening tussen leerders onderling en teenoor opvoeders en ander volwassenes in diens van die skool te vestig en te handhaaf.

In ooreenstemming met die Missie van die skool, wil die Gedragskode die ideale atmosfeer skep waarin elke leerder die reg en die geleentheid het om te leer en om sy/haar potensiaal ten volle te ontwikkel.

Die Kode wil graag ‘n lewenshouding kweek wat gekenmerk word deur selfdissipline, voorbeeldige gedrag en ‘n strewe na volwassenheid.

In ooreenstemming met die gees van hierdie Gedragskode, word dit van elke leerder verwag om homself/haarself te gedra op ‘n wyse wat die welsyn en beeld van die skool, sowel as die selfbeeld van elke leerder, sal bevorder.

2 AGTERGROND

1.1 Hoërskool Brackenfell is ‘n openbare skool soos bedoel in Artikel 12, gelees met Artikel 52, van die SA Skolewet, 1996 (**die Skolewet**).

1.2 Die beheer van die skool vestig in sy beheerliggaam ingevolge Artikel 16 van die Skolewet.

1.3 Kragtens Artikel 8 van die Skolewet moet die beheerliggaam, onderworpe aan enige toepaslike provinsiale wet, ‘n gedragskode vir leerders aanvaar na konsultasie met die leerders, hulle ouers en die opvoeders van die skool. Sodanige gedragskode moet gerig wees op die vestiging van ‘n gedissiplineerde en doelgerigte omgewing om doeltreffende onderwys en studie in die skool te bevorder.

1.4 Die beheerliggaam het met die ouers, leerders en opvoeders van die skool gekonsulteer betreffende die inhoud van die gedragskode en het, verder, die riglyne vir sodanige gedragskode gepubliseer deur die Minister van Onderwys, in ag geneem.

1.5 Die gedragskode vloei uit die missiestelling voort en vorm die agtergrond waarteen reëls van die skool gesien en verstaan moet word.

1.6 Die gedragskode dui aan wat elkeen mag doen, sodat ‘n veilige en geborge atmosfeer geskep word waar almal gelukkig kan wees en waar onderrig en opvoeding ongestoord kan voortgaan.

3 WOORDBEPALINGS

In hierdie gedragskode, tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde en terme die betekenisse daarteenoor aangetoon:

"**beheerliggaam**": die beheerliggaam (SBL) van Hoërskool Brackenfell, behoorlik ingestel kragtens die Skolewet.

"**dissiplinêre komitee**": ‘n komitee saamgestel deur die beheerliggaam van ‘n openbare skool ingevolge Artikel 30(1) van die Skolewet.

"**dissiplinêre Hoof**": die dienende adjunkhoof of waarnemende adjunkhoof verantwoordelik vir dissipline; hy dien ook as aanklaer by dissiplinêre komitee en verhore.

“**dwelmmiddels”**: ‘n dwelmmiddel soos omskryf in die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, Wet 140 van 1992.

"**gevaarlike wapen**": enige wapen of toestel wat gebruik kan word om dood, liggaamlike beserings of skade aan eiendom te veroorsaak.

“**interne dissiplinêre komitee**”: ‘n komitee bestaande uit die Dissiplinêre Hoof, die graadhoof van die leerder wat hom aan ‘n oortreding van die gedragskode skuldig gemaak het en ‘n onderwyser(s) wat deur die Dissiplinêre Hoof aangewys is vir doeleindes van ‘n dissiplinêre ondersoek / optrede.

"**leerder**": enige leerder behoorlik toegelaat en ingeskryf by die Hoërskool Brackenfell.

"**minister**": die Minister van Onderwys.

"**opvoeder**": enige opvoeder, insluitende die skoolhoof en adjunkhoofde, wat van tyd tot tyd onderwysdienste by die skool lewer.

"**provinsiale departement**": die Provinsiale Departement van Onderwys van die Provinsie Wes-Kaap (**WKOD**)

"**regte en verpligtinge**": die regte en pligte van die onderskeie belangegroepe van die skool soos uiteengesit in die gedragskode.

"**skool**": die Hoërskool Brackenfell. (**BHS**)

"**skoolhoof**": die dienende skoolhoof of waarnemende skoolhoof van Hoërskool Brackenfell.

"**skooleiendom**": Sluit die volgende in: die grond en geboue deur die skool beset en enige aanhegting aan sodanige grond en geboue asook: alle ander eiendom, insluitend toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor.

"**skolewet**": die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996.

"**verpligte bywoning funksie"**: Enige skoolaktiwiteit, geleentheid of funksie waarvoor die hoof of beheerliggaam (in oorleg met die hoof) die bywoning van alle leerders of 'n spesifieke groep leerders gelas.

"**webwerf**": http://www.brakkies.co.za

DEEL 2

GEDRAGSREËLS

1 INLEIDING

Die optrede en gedrag van die leerders van Hoërskool Brackenfell word beheer deur die skoolreëls (kyk prospektus) sowel as deur die ongeskrewe reëls en gebruike wat oor die jare ontwikkel het en vervat is in die tradisies, gebruike en etos van die skool.

Dit is die uitgangspunt van die beheerliggaam van die Hoërskool Brackenfell, dat elke leerder die reg het tot onderwys en dat geen leerder se optrede van so ‘n aard mag wees dat ‘n ander leerder van hierdie reg ontneem word nie.

2 DIE GRONDREËL

Alle reëls hierna uiteengesit, word uitgelê en vertolk teen die agtergrond van die omvattende reël dat ‘n leerder se voorkoms, gedrag en optrede te alle tye ooreenkomstig die geskrewe en ongeskrewe reëls van die Skool moet wees, die Skool tot eer moet strek en geen ander leerder in enige opsig benadeel nie.

Leerders moet hulle deeglik op hoogte hou van die inhoud en betekenis van die reëls asook enige wysigings of toevoegings tot dit.

3 GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

3.1 Leerders moet hulle ten alle tye as goeie ambassadeurs van die skool gedra.

3.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is, wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers,

ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of mede-leerders in ‘n slegte lig kan stel.

3.3 Leerders is verplig om die skoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde, asook ‘n omgewing en toestande waar die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder word van die leerders verwag om enige redelike opdrag van die skoolhoof, enige opvoeder, personeellid, lede van die Senior Raad (SR), Graad Raad (GR) en Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer.

3.4 ‘n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as ‘n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, gedurende die leerder se skoolbywoning sowel as gedurende enige skoolaktiwiteit.

3.5 In hulle omgang met mekaar moet leerders ten alle tye selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid teenoor mekaar betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder en opvoeder te skend. Dit sluit rassisme, seksisme en onverdraagsaamheid teenoor kultuur en Godsdiens in.

4 RESPEK

4.1 Wanneer ‘n volwassene op enige stadium verby ‘n leerder stap, moet hy/sy uit hoflikheid opstaan en groet. Leerders moet by deuringange terugstaan ten einde ‘n volwassene eerste toegang te bied.

4.2 Leerders moet te alle tye in hulle omgang met die skoolhoof, adjunkhoofde, opvoeders en ander personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek betoon en moet hulle weerhou van optrede wat neerkom op opstandigheid of uittarting.

4.3 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as ‘n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

5 ALGEMENE SKOOLREËLS

5.1 Alle leerders moet die weeklikse saalbyeenkomste bywoon. Slegs leerders wie se ouers/voogde vooraf skriftelike toestemming van die hoof verkry het, mag van die godsdienstige gedeelte van die saalbyeenkomste verskoon word.

5.2 Tydens die saalbyeenkoms heers daar altyd ‘n eerbiedige stilte in die saal.

5.3 Indien leerders van tydelike deelname aan liggaamlike opvoeding (LO) verskoon moet word, moet hul ouers of voog dit vooraf skriftelik versoek van die verantwoordelike onderwyser.

5.4 In geval van aansoek om permanente of langdurige vrystelling van liggaamlike opvoeding (LO), moet die aansoek gerugsteun word deur ‘n mediese sertifikaat.

5.5 Die klasordereëlings moet in elke klas streng nagekom word.

5.6 Wanneer aankondigings oor die interkom gedoen word, moet daar stilte wees.

5.7 Leerders mag nie fasiliteite of toerusting van die skool, insluitende sporttoerusting, buite skoolure sonder toestemming gebruik nie.

5.8 Leerders moet deelneem aan die voorgeskrewe opvoedingsprogramme, tensy vrystelling deur die Onderwysdepartement verleen is.

5.9 Wanneer leerders by buitemuurse skoolaktiwiteite aansluit, moet hulle hul pligte en verantwoordelikhede in verband daarmee getrou nakom, tensy hulle vooraf betyds deur die betrokke onderwyser daarvan vrygestel word.

5.10 Ongemagtigde eet in klaskamers of enige ander lokaal binne die skoolgebou is verbode.

5.11 Trapfietse mag slegs in die skool se fiets rakke by die fietsloods geplaas word.

5.12 Motorfietse mag slegs op die aangewese plekke parkeer word.

5.13 Die bestuur van ‘n motorvoertuig of motorfiets deur ‘n leerder sonder ‘n geldige lisensie of op so ‘n wyse dat dit ‘n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders en/of lede van die publiek, word verbied. Leerders wat hulle hieraan skuldig maak, sal die voorreg om ‘n voertuig op die skoolterrein te gebruik, verbeur.

5.14 Leerders mag nie op die skoolgronde of op enige ander plek geklee in vol of deel van hul skooluniform of sportdrag, rook nie.

5.15 Leerders, identifiseerbaar as leerders van Hoërskool Brackenfell, mag nie in die teenwoordigheid van ander rokende leerders wees nie.

5.16 Leerders mag nie sigarette of enige vorm van tabak of alkoholiese drank in hul besit hê nie.

5.17 Leerders mag geen onwettige middels / dwelmmiddels in hulle besit hê nie. Vergelyk ook in die verband die dwelmbeleid van die skool wat as deel van die skoolreëls dien.

5.18 Elke leerder moet die tuiswerk wat deur ‘n opvoeder voorgeskryf is, doen en stiptelik op die spertyd daarvoor aan die betrokke opvoeder oorhandig.

5.19 Leerders moet hand- en werkboeke wat vir die dag nodig mag wees, by die skool hê.

5.20 Leerders moet die doel van huiswerk, naamlik die inoefening en vaslegging van klaswerk, verstaan en daarom hul eie tuiswerk doen en inlewer. Afskrywery is ontoelaatbaar.

5.21 Leerders se gedrag in die klas moet van so ‘n aard wees dat dit nie ander leerders die geleentheid tot leer ontsê nie.

5.22 Klastyd en ander tyd wat aangewend moet word vir die leerproses en vir opvoeding, mag nie deur leerders misbruik word deur tydens hierdie sessies te slaap, te eet, rond te loop of te praat sonder toestemming van die opvoeder nie.

5.23 Die reg van toegang tot die skoolterrein word voorbehou.

6 KLEREDRAG EN VOORKOMS

Daar word van leerders verwag om die amptelike skooluniform of sportdrag te dra en te alle tye netjies en in ooreenstemming met die skooldrag- en voorkomsreëls geklee te wees. Die skooldrag- en voorkomsbeleid is vervat in **BYLAAG 1.**

7 STIPTELIKHEID EN AFWESIGHEID

7.1 Leerders moet altyd op die bestemde tyd opdaag aan die begin van die skooldag en by die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit. Wanneer leerders laat is, moet hulle ‘n skriftelike verskoning van hulle ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die intekenkantoor aanmeld.

7.2 Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet op die eerste dag wat hy/sy terugkeer ‘n skriftelike verduideliking van hulle ouers aan die admin-onderwyser voorlê.

7.3 Afwesigheid vir meer as 3 (drie) agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien ‘n sertifikaat deur ‘n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of ‘n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur is. Wanneer ‘n leerder wel om ‘n geldige rede afwesig is, moet ‘n afwesigheidsbrief, gerig aan die admin-onderwyser, ingelewer word op die dag wanneer die leerder na die skool terugkeer (‘n mediese sertifikaat moet aangeheg wees indien van toepassing)

7.4 Indien ‘n leerder gedurende ‘n eksamen en/of ‘n bevorderingstoets afwesig is, moet die ouer die skool op dieselfde dag in kennis stel. ‘n Mediese sertifikaat word vereis by die leerder se terugkeer.

7.5 Tandarts- en doktersafsprake moet na skoolure gereël word.

8 OMGEWING

8.1 Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.

8.2 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is (tuis of weg), moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

8.3 Leerders moet toilette skoon agterlaat.

8.4 Enige optrede of versuim van leerders wat ‘n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.

8.5 Dit is verbode om slagspreuke (“graffiti”), plakkers en/of plakkate op enige oppervlakte by die skool aan te bring sonder die uitdruklike toestemming van die hoof of sy gedelegeerdes.

8.6 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, lede van die Senior Raad (SR), Graad Raad (GR) en Verteenwoordigende

Raad van Leerders (VRL) met betrekking tot die handhawing van ‘n skoon en higiëniese skoolomgewing.

9 SELFONE EN ELEKTRONIESE TOESTELLE

9.1 Die ongemagtigde gebruik van selfone en elektroniese toestelle tydens klasperiodes/saalbyeenkomste is verbode.

9.2 Selfone en elektroniese toestelle moet in die klaskamers en tydens klaswisseling afgeskakel wees.

9.3 Selfone mag nie as sakrekenaars gebruik word nie.

9.4 Selfone en elektroniese toestelle wat in die klaskamer gebruik word, sal afgeneem word tot die einde van die periode. In die geval van herhaaldelike of volgehoue gebruik, mag die selfoon afgeneem word tot die einde van die skooldag.

9.5 ‘n Leerder mag nie ‘n selfoon of elektroniese toestel in sy besit hê tydens enige skool gebaseerde assesering (SBA) taak nie. Indien ‘n leerder tydens ‘n SBA-taak met ‘n selfoon of elektroniese toestel betrap word sal die Skool Assesserings Onreëlmatighede Komitee (SAOK) die oortreding hanteer ooreenkomstig die WKOD voorskrifte.

10 SKOOLKENNISGEWINGS

Leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of ‘n opvoeder van die skool vir dié doel aan hulle uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die admin-onderwyser terug te voorsien.

11 SKOOLWERK EN HUISWERK

11.1 Daar sal te alle tye ‘n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.

11.2 Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.

11.3 Alle leerders moet ‘n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.

11.4 Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, ‘n skriftelike nota van sy/haar ouers met ‘n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.

11.5 Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende ‘n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder ‘n aanvaarbare verskoning, sal as ‘n oortreding van hierdie reël beskou word.

11.6 Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

12 TOETSE EN EKSAMENS

12.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Die versuim om ‘n skool gebaseerde assesering (SBA) af te lê, sal slegs verskoon word indien ‘n sertifikaat deur ‘n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of ‘n ander rede wat vooraf deur die skoolhoof goedgekeur is.

12.2 Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

12.3 In die geval van oneerlikheid tydens die aflegging van toetse of eksamens sal die voorskrifte en bepalings soos neergelê deur die provinsiale department (WKOD) toepassing vind. Die Skool Assesserings Onreëlmatighede Komitee (SAOK) sal die oortreding hanteer ooreenkomstig die WKOD voorskrifte.

DEEL 3

KATEGORIEË VAN WANGEDRAG EN DISSIPLINÊRE STELSEL

1 KATEGORIEË VAN WANGEDRAG

Vir die toepassing van hierdie gedragskode word wangedrag in 3 (drie) kategorieë ingedeel, naamlik Vlak 1, 2 en 3 wangedrag soos per Skedule A. Dit stem ooreen met die verskillende strafmaatreëls wat toegepas kan word soos uiteengesit in Skedule B hiervan en die verskillende prosedures wat gevolg mag word in die hantering van wangedrag soos uiteengesit in Skedule C.

2 DISSIPLINÊRE STELSEL

2.1. Die Beheerliggaam het ‘n lys van kategorieë wangedrag (Vlak 1, 2 en 3) tesame met die toepaslike negatiewe puntestelsel opgestel, welke lys aan die leerders oorhandig word by die aanvang van die akademiese jaar en ook beskikbaar is op die skool se webtuiste. Sodanige lys moet beskou word as aanvullend tot hierdie Gedragskode.

2.2. Dit is elke leerder en ouer se plig en verantwoordelikheid om toe te sien dat daar deeglik kennis geneem word van hierdie Gedragskode.

2.3. Die dissiplinêre puntestelsel is gekoppel aan die strafmaatreëls soos uiteengesit in Skedule B hiervan.

SKEDULE A

OORTREDINGS EN DISSIPLINÊRE PUNTE

	VLAK 1		
	OORTREDING	**PUNTE**	**ADDISIONELE SANKSIE / NOTA**
1.1	Huiswerk of take onvolledig / nie gedoen nie / nie by skool nie / lewering van afskeep werk	4	Addisionele optrede of sanksie binne die diskresie van die opvoeder. In die geval van herhaaldelike oortredings kan detensiepunte opgelê word.
1.2	Boeke / toerusting nie by skool	4	
1.3	Rommel strooi of perseel bemors	4	
1.4	Opsetlike vermorsing van water	4	
1.5	Eet / kou / drink tydens kontaktyd of saalbyeenkoms (sonder toestemming)	4	
1.6	Voorkoms: Nie-korrekte skooldrag en/of versuim om voorgeskrewe drag tydens skoolure, by skoolgeleenthede, sportgeleenthede of ander skoolaktiwiteite te dra; of die skool se voorkoms-reëls na te kom. Dit sluit oortreding van haarreëls, juweliersware, grimering, naels ens. in	4	Die leerder ontvang ‘n waarskuwing om sy/haar voorkoms reg te stel. In die geval van versuim word detensiepunte daagliks opgelê totdat die voorkoms reggestel is. Tydens na-uurse sport- of skoolaktiwiteite sal die

			leerder toegang tot die perseel geweier word indien hy/sy nie geklee is in korrekte skooldrag of voorgeskrewe sportdrag nie. Dieselfde geld vir die nie-nakoming van enige ander bepalings van die skool se voorkomsreëls.
1.7	Laat kom vir klas, sloerdery na pouse en tussen klas wisseling	4	
1.8	Versuim om afwesigheidsbrief teen die voorgeskrewe tyd in te gee	4	
1.9	Laat kom vir skool sonder toestemming / geldige verskoning 1ste 2de 3de of meer	 4 8 12	Waarskuwing
1.10	Onordelike of steurende gedrag in die klaskamer, saal, eksamenlokaal of stoepe - insluitend onordelike gedrag tydens amptelike skoolfunksies. (Minder ernstig - nie gedrag wat onderrig belemmer nie)	4	
1.11	Afwesigheid van verpligte na-uurse skoolaktiwiteite en/of 'n "verpligte bywonings" funksie sonder geldige verskoning: 1ste 2de 3de of meer	 4 8 12	
1.12	Rondlopery sonder toestemming / Betreding van verbode areas / Optrede wat in spesifieke area verbied word	4	Sien Bylaag 4 – Verbode Areas
1.13	Swak gedrag of sportmanskap tydens sport, kultuur of enige skoolaktiwiteit as speler / toeskouer Minder ernstig Ernstig of herhaaldelik	 4 12	 Skriftelike waarskuwing Toeskouer word na ernstige, herhaaldelike of volgehoue swak gedrag toegang tot die perseel geweier tydens skoolbyeenkomste.

1.14	Die ongemagtigde gebruik van ‘n selfoon of elektroniese toestel tydens klas Of In besit wees van ‘n selfoon of elekroniese toestel tydens die aflê van ‘n skool gebaseerde assessering (SBA) taak.	8	Selfoon of toestel kan afgeneem word vir die res van die periode. In gevalle van herhaaldelike of volgehoue gebruik, kan die selfoon tot die einde van die skooldag afgeneem word. In die geval van die besit van ‘n selfoon of toestel tydens ‘n SBA taak sal die SAOK reëls en prosedures gevolg word
1.15	Die skoolhoof of ‘n personeellid se opdrag(te) moedswillig verontagsaam of ignoreer	8	
1.16	Vloekery, kru taal en /of lelike tekens/ gebare gebruik	8	
1.17	Disrespekvolle optrede teenoor mede-leerders, personeel of ander volwassenes	8	
1.18	Ontwrigtende of steurende gedrag tydens die aflegging van ‘n toetse of eksamen	8	"Afkoel prosedure" kan in ernstige gevalle toegepas word. Sien Beleid oor afkoelkamer – Bylaag 2
1.19	Afskryf van huiswerk	8	
1.20	Onverskillige / nalatige padgebruik agter die stuur van ‘n motor of motorfiets op of om die skoolperseel.	8	
1.21	Hantering / gebruik van ‘n ander persoon(e) se eiendom sonder hulle toestemming	8	
1.22	Bewustelik in die onmiddellike teenwoordigheid wees van leerders wat besig is om te rook	8	
VLAK 2			
OORTREDING		**PUNT**	**ADDISIONELE SANKSIE / NOTA**
2.1	Bakleiery, aanranding of afknouery – minder ernstig (geen of geringe beserings)	12	
2.2	Fisiese kontak, soos onder andere liefkosing, soenery, vryery op die skoolterrein of enige ander plek waar die leerders identifiseerbaar is as ‘n BHS leerder	12	
2.3	Wangedrag tydens detensie	12	
2.4	Bewustelik in die teenwoordigheid wees of kennis dra van leerders wat alkohol, dwelms of ander gevaarlike items besit en/of gebruik; en nalaat om dit aan ‘n personeellid aan te meld	12	

2.5	Beskadiging van ander se eiendom (minder ernstig)	12	Leerder / ouers herstel skade
2.6	Besit van wapen / voorwerp wat tot die dood of besering van ander kan lei	12	
2.7	Peuter aan veiligheidstoerusting van die skool (kameras, slotte, hekke, brandblussers ens)	12	Leerder / ouers herstel skade
2.8	Rook, gebruik of besit van sigarette, elektroniese sigarette, hookah-pyp of tabak op die skoolterrein of enige ander plek waar die leerders identifiseerbaar is as ‘n BHS leerder	12	
2.9	Versuim om ‘n klas by te woon (nie perseel verlaat)	12	
2.10	Verlaat skoolperseel sonder toestemming	16	
2.11	Afwesigheid van skool (sonder geldige rede of toestemming)	16	
2.12	Versuim om detensie by te woon	16	
2.13	Openbare wanordelikheid of onwelvoeglike gedrag op die skoolterrein of enige ander plek waar die leerders identifiseerbaar is as ‘n BHS leerder (minder ernstige gevalle)	16	
2.14	Gedrag wat die potensiaal het om die skool in oneer te bring (minder ernstige voorvalle)	16	
2.15	Bakleiery / aanranding of afknouery (meer ernstig – beserings)	16	
2.16	Intimidasie, boelie-, kuberboeliery, viktimisering of dreigemente rig aan ander leerders of personeel	16	Vergelyk beleid rondom bullebakkery.
2.17	Kwetsende of diskriminerende aanmerkings teenoor mede-leerder of personeel	16	
2.18	Gruwelike ongehoorsaamheid (insubordination)	16	
2.19	Bedrog: verandering / teken / voorbereiding van dokumentasie /briewe namens ander persone / ouers	16	
2.20	Oneerlikheid, poging tot oneerlikheid in enige assesseringsessie of taak, insluitend kommunikasie (verbaal of nie-verbaal) of die besit gebruik van ‘n elekroniese toestel.	16	WKOD voorskrifte en bepalings word toegepas deur SAOK.
2.21	Enige vorm van vervalsing of plagiaat	16	WKOD voorskrifte en bepalings word toegepas deur SAOK.
2.22	Besit, gebruik van of onder die invloed wees van alkohol of dwelmmiddels. Dit sluit in die besit, gebruik van of onder die invloed wees van alkohol of dwelmmiddel op die skoolterrein of enige ander plek waar die leerders identifiseerbaar is as ‘n BHS leerder (Eerste oortreding).	16	Die Skoolbeleid rakende dwelmmiddels word toegepas en die aangeleentheid word verwys na die Interne Dissiplinêre komitee (IDK).
2.23	Besit, vertoon, vervaardiging, duplisering en/of verspreiding van pornografiese materiaal	16	

2.24	Ernstige verhindering van onderwyser se reg om sy/haar werk te doen en van leerders om onderrig te kry	16	"Afkoel prosedure" kan toegepas word. Sien beleid oor afkoelkamer – Bylaag 2
2.25	Volgehoue of herhaalde oortreding van ‘n vlak 1 of 2 oortreding(s)	16	
	VLAK 3		
	OORTREDING	**PUNT**	**ADDISIONELE SANKSIE / NOTA**
3.1	Vandalisme, brandstigting en/of kwaadwillige saakbeskadiging (ernstige gevalle)	16	Leerder / ouers herstel skade
3.2	Aanranding met die doel om ernstig te beseer en/of deur die gebruik van ‘n gevaarlike wapen of voorwerp	16	
3.3	Openbare wanordelikheid of onwelvoeglike gedrag wat die skool in oneer bring op die skoolterrein of enige ander plek waar die leerders identifiseerbaar is as ‘n BHS leerder (Ernstige voorvalle)	16	
3.4	Openbare onsedelikheid of immorele gedrag	16	
3.5	Roekelose of grof nalatige padgebruik agter die stuur van motor of motorfiets, op of om die skoolperseel, wat die veiligheid van andere in gevaar stel	16	
3.6	Besit, gebruik, verkoop of verspreiding van vuurwapens of ander gevaarlike voorwerpe	16	
3.7	Besit, gebruik van of onder die invloed wees van alkohol of dwelmmiddels. Dit sluit in die besit, gebruik van of onder die invloed wees van alkohol of dwelmmiddel op die skoolterrein of enige ander plek waar die leerders identifiseerbaar is as ‘n BHS leerder. (Tweede of meerdere oortreding).	16	
3.8	Verkoop, verspreiding of besit (met die doel om te verkoop) van alkoholiese drank of dwelmmiddels op die skoolterrein of enige ander plek waar die leerders identifiseerbaar is as ‘n BHS leerder	16	
3.9	Diefstal, huisbraak of betreding met die opset om te steel, gepleeg op die skoolperseel	16	
3.10	‘n Ander leerder lyfstraf toedien of enige vorm van inisiasie of “ontgroening” toepas	16	
3.11	Rassistiese uitlatings en/of haatspraak	16	
3.12	Enige vorm van onwelvoeglike seksuele gedrag of seksuele aanstootlike optrede insluitende geslags-gebaseerde teistering of seksisme	16	
3.13	Optrede, wat na mening van die Beheerliggaam, op skandelike, onvanpaste of onbetaamlike gedrag neerkom	16	
3.14	Enige oortreding strafbaar in terme van statutêre wetgewing of die gemenereg	16	
3.15	Optrede wat ander leerders of personeel se veiligheid/lewe(ns) in gevaar stel of bedreig.	16	

	Insluitende die dreig of intimidering van leerders of personeel		
3.16	Optrede wat die skoolprogram ontwrig of die regte van ander skend	16	
3.17	In besit wees of gebruik maak van enige ongemagtigde afskrif van ‘n toets- of eksamenvraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen	16	WKOD voorskrifte en bepalings word toegepas deur SAOK.
3.18	Homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry	16	
3.19	Volgehoue, herhaalde en/of ernstige oortreding van die gedragskode	16	

SKEDULE B

STRAFMAATREËLS EN PROSEDURES

AANTAL DEBIETE (NETTO)	4 PUNTE	8 PUNTE	12 PUNTE	16 PUNTE
Vlak 1 oortredings	• Addisionele optrede of strafsanksie binne die diskresie van die opvoeder.	***Direk of kombinasie*** • Addisionele optrede of strafsanksie binne die diskresie van die opvoeder. • SMS aan ouer.	***Direk of kombinasie*** • 1 uur detensie. • Detensiebrief per hand en SMS aan ouer.	***2 X 8 punte*** • 2 ure detensie. • Detensiebrief per hand en SMS aan ouer. • Graadhoof kontak ouer telefonies
Vlak 2 oortredings			• 1 uur detensie. • Detensiebrief per hand en SMS aan ouer. • Leerder verskyn voor Graadhoof vir dissiplinêre gesprek. • Graadhoof kontak ouer telefonies	• 2 ure detensie. • Detensiebrief per hand en SMS aan ouer. • Leerder verskyn voor Dissiplinêre hoof vir dissiplinêre gesprek. • Dissiplinêre Hoof kontak ouer telefonies. • Verwysing na Interne Dissiplinêre komitee (IDK) in diskressie van Dissiplinêre hoof. • In ernstige gevalle kan die hoof na ondersoek die aangeleentheid na die dissiplinêre komitee van SBL verwys vir verhoor.
AANTAL DEBIETE (NETTO)	**16 PUNTE**			
Vlak 3 oortredings	• Meld aan by hoof / Dissiplinêre Hoof vir ondersoek. • Skorsing van die leerder kan deur die SBL op redelike gronde en as voorsorgmaatreël ingestel word. • Verwys na dissiplinêre komitee van SBL vir verhoor			

VLOEIDIAGRAM

KREDIET PUNTE

1.1 Die leerder kan na die aflegging van ‘n strafsanksie en/of na positiewe optrede, kredietpunte ontvang. Die verlening van sodanige kredietpunte val binne die diskresie van die Interne Dissiplinêre Komitee (IDK) of Dissiplinêre Hoof.

1.2 Kredietpunte kan in die volgende gevalle verleen word:

	AFGELEGDE STRAF / POSITIEWE OPTREDE	**MAKSIMUM KREDIET PUNTE**
1	Bywoning van ‘n “verpligte bywonings” funksie	-4
2	Gemeenskapsdiens (2 ure)	-8
3	Gemeenskapsdiens (5 ure)	-12
4	Gemeenskapsdiens (10 ure)	-16
5	1 uur detensie	-12
6	2 uur detensie	-16
7	Bywoning van dissiplinêre verhoor	-16
8	In skool skorsing 1-3 dae	-8
9	In skool skorsing 4-7 dae	-12
10	Uit skool skorsing 1-3 dae	-12
11	Uit skool skorsing 4-7 dae	-16

SKEDULE C

DISSIPLINÊRE PROSEDURES VAN TOEPASSING BY DIE VERSKILLENDE KATEGORIEË WANGEDRAG

1 AANMELDING AAN DISSIPLINÊRE KANTOOR

1.1 Alle debiete wat ‘n leerder behaal, mondelinge asook skriftelike waarskuwings, en die uitslag van ‘n dissiplinêre verhoor waar relevant, moet onverwyld aan die dissiplinêre kantoor gerapporteer word sodat dit op ‘n leerder se gedragstaat aangeteken kan word.

2 AANMELDING EN HANTERING VAN VLAK 1 WANGEDRAG

2.1 Indien leerders hulle aan Vlak 1 wangedrag skuldig maak, moet dit aan die dissiplinêre kantoor gerapporteer word wat verder met die saak moet handel.

Tensy die leerder ‘n redelike verduideliking vir sy/haar optrede of versuim kan gee (wat die effek het dat hy/sy nie vir die oortreding blameer kan word nie), moet ‘n debiet toegeken en op die voorgeskrewe vorm / detensie puntelys aangetoon word.

2.2 Daarna moet daar met die aangeleentheid, wat betref korrektiewe optrede, met inagneming van die totale aantal debiete wat in daardie stadium aan die betrokke leerder toegeken is, gehandel word soos uiteengesit in skedule B.

3 AANMELDING EN ONDERSOEK VAN VLAK 2 WANGEDRAG

3.1 Indien ‘n leerder hom/haar aan ‘n Vlak 2 wangedrag skuldig maak wat ‘n direkte 12 punte toekenning regverdig, moet dit onmiddellik by die Graadhoof van die betrokke graad aangemeld word.

3.2 Die betrokke Graadhoof moet verder met die saak handel. Tensy die leerder ‘n redelike verduideliking vir sy/haar optrede of versuim kan gee (wat die effek het dat hy/sy nie vir die oortreding blameer kan word nie) moet ‘n debiet toegeken word en die toepaslike dissiplinêre optrede gevolg word. Die debiete moet op die voorgeskrewe vorm / detensie puntelys aangetoon word.

3.3 Indien ‘n leerder hom/haar aan Vlak 2 wangedrag skuldig maak wat ‘n direkte 16 punte toekenning regverdig, moet dit onmiddellik na die Dissiplinêre Hoof verwys word wat verder met die saak handel. Die Dissiplinêre Hoof kan in sy diskresie die aangeleentheid na die Interne Dissiplinêre Komitee (IDK) verwys vir ondersoek en dissiplinêre optrede.

3.4 In die geval van ernstige Vlak 2 wangedrag (wat ‘n direkte 16 punte toekenning regverdig) kan die Dissiplinêre Hoof die aangeleentheid hanteer ooreenkomstig die prosedure soos in paragrawe 4.1 tot 4.3 hieronder vermeld.

4 AANMELDING EN ONDERSOEK VAN VLAK 3 WANGEDRAG

4.1 Indien daar beweer word dat ‘n leerder hom of haar aan Vlak 3 wangedrag skuldig gemaak het of indien daar op redelike gronde vermoed word dat ‘n leerder sodanige wangedrag gepleeg het, moet die aangeleentheid sonder versuim aan die Dissiplinêre Hoof rapporteer word. Die Dissiplinêre Hoof moet onverwyld die bewerings of vermoede van sodanige wangedrag ondersoek of laat ondersoek, deur ‘n bevoegde persoon as ondersoekbeampte aan te wys.

4.2 Die Dissiplinêre Hoof of aangewese ondersoekbeampte moet vasstel wanneer, waar en onder watter omstandighede die beweerde wangedrag plaasgevind het.

Die Dissiplinêre Hoof of aangewese ondersoekbeampte moet die nodige bewyse (wat verklarings van getuies insluit) bekom om vas te stel of daar gronde vir ‘n klag van ernstige wangedrag teen die betrokke leerder is.

4.3 Indien die voorlopige ondersoek nie deur die Dissiplinêre Hoof self behartig is nie, moet die aangewese ondersoekbeampte, na afhandeling van die voorlopige ondersoek, die nodige bewyse wat bekom is, aan die Dissiplinêre Hoof oorhandig. Die Dissiplinêre Hoof moet die voorlopige bewyse evalueer en indien dit genoegsame gronde bevat vir ‘n klag van ernstige wangedrag, moet die Dissiplinêre Hoof, in oorleg met die skoolhoof, die saak verwys na die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam vir doeleindes van ‘n dissiplinêre verhoor.

4.4 Die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam moet uiteindelik, op ‘n oorwig van waarskynlikhede, beslis of die leerder hom/haar aan wangedrag, soos aangekla, skuldig gemaak het.

DEEL 4
ALGEMENE BEPALINGS

1 WYSIGING VAN GEDRAGSKODE

Hierdie gedragskode mag gewysig word na konsultasie met die opvoeders, ouers en leerders van die skool. Wysigings sal in werking tree wanneer dit deur die beheerliggaam aanvaar is en dit bekend gemaak is aan die opvoeders, ouers en leerders van die skool by wyse van skriftelike kennisgewing.

2 INTERPRETASIE

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van hierdie gedragskode, sal finaal besleg word by wyse van ‘n beslissing van die beheerliggaam.

GETEKEN TE BRACKENFELL OP HIERDIE 10DE DAG VAN SEPTEMBER 2021

_____ **_____**

DIE VOORSITTER **SKOOLHOOF**

Beheerliggaam van Hoërskool Brackenfell

DEEL 5 – BYLAE

BYLAAG 1

BELEID TEN OPSIGTE VAN SKOOLKLERE EN VOORKOMS

Van leerders word verwag om die amptelike skooluniform of sportdrag te dra en te alle tye netjies en in ooreenstemming met die skooldrag- en voorkomsreëls geklee te wees.

Die skooldrag- en voorkomsreëls is as volg:

KLEREDRAG

1. SEUNS KLEREDRAG EN VOORKOMS

1.1 **Somersdrag**

1.1.1 Swart skoolskoene (nie seemsleer of materiaal afwerkings nie)
1.1.2 Grys kortbroek of langbroek. Kortbroek mag nie oor die knieë hang nie.
1.1.3 Lang grys kouse
1.1.4 Wit, kortmou oopnek skoolhemp met skoolwapen op sak
1.1.5 Skool se oortrektrui met skoolwapen op linker bors (opsioneel)
1.1.6 Skoolbaadjie (opsioneel). Die dra van die skoolbaadjie is verpligtend tydens saalbyeenkoms, prysuitdeling of enige ander formele funksie soos deur die skoolhoof bepaal.
1.1.7 Skool se reënbaadjie (mag alleenlik op reëndae gedra word). Geen lapelwapens word op die reënbaadjie toegelaat.
1.1.8 Skool se langmoutrui met skoolwapen op linker bors (opsioneel)
1.1.9 Sportdrag volgens die betrokke sportkode.

1.2 **Wintersdrag**

1.2.1 Swart skoolskoene (nie seemsleer of materiaal afwerkings nie)
1.2.2 Grys kortbroek of langbroek. Kortbroek mag nie oor die knieë hang nie. Die langbroek mag nie by die pype afgestik word nie.
1.2.3 Lang grys kouse
1.2.4 Wit lang- of kortmou toeknoop skoolhemp met ‘n skooldas
1.2.5 Skoolbaadjie. Die dra van die skoolbaadjie is verpligtend tydens saalbyeenkoms, prysuitdeling of enige ander formele funksie soos deur die skoolhoof bepaal.
1.2.6 Skool se reënbaadjie. Geen lapelwapens word op die reënbaadjie toegelaat.
1.2.7 Skool se langmoutrui met skoolwapen op linker bors
1.2.8 Slegs skoolserpe mag gedra word.

1.2.9 Geen ander klerasie van enige aard, behalwe ‘n reënjas, mag by die skooldrag, soos voorgeskryf in die reëls, gedra word nie. (Dit sluit mussies in).
1.2.10 Sportdrag volgens die betrokke sportkode.

1.3 **Hare**

1.3.1 Die algemene snit moet ‘n netjiese indruk wek
1.3.2 Hare mag nie oor die kraag of ore hang nie
1.3.3 Kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie
1.3.4 Daar mag geen riwwe in die hare wees nie
1.3.5 Die hare mag nie in die sogenaamde “mushroom-, mullet- of Mohawk-styl” gesny word nie. Die hare moet dus die natuurlike vorm van die seun se skedel volg.
1.3.6 Daar mag geen patrone geskeer word nie
1.3.7 Die hare langs en agter die kop moet dieselfde lengte gesny wees
1.3.8 Geen ekstra hare mag ingeweef of verlengstukke ingevoeg word nie
1.3.9 Geen eksotiese of onnatuurlike haarstyle word toegelaat nie
1.3.10 Hare mag nie gekleur of getint (“highlights”) word nie.
1.3.11 Sagte draaivlegsels (dreadlocks) is ontoelaatbaar.
1.3.12 Leerders se hare moet te alle tye netjies en skoon wees.

1.4 **Baard**

1.4.1 Seuns moet skoon geskeer wees
1.4.2 Snorre of wangbaard word nie toegelaat nie
1.4.3 Wangbaard mag nie by die middel van die oor verbysteek nie

1.5 **Juwele**

1.5.1 Seuns mag geen juwele dra nie, behalwe ‘n armhorlosie of Medic Alert armband.
1.5.2 Geen deursigtige / swart pennetjies om nuwe gaatjies op enige sigbare plek oop te hou nie.
1.5.3 Geen ringe, knopies of stawe wat ingeskiet is, word op enige sigbare plek toegelaat nie.
1.5.4 Slegs lapelwapens wat met skoolbedrywighede verband hou, mag gedra word.

2 **MEISIES KLEREDRAG EN VOORKOMS**

2.1 **Somersdrag**

2.1.1 Swart skoolskoene (nie seemsleer of materiaal afwerkings nie)
2.1.2 Wit sokkies wat omgeslaan is by enkel
2.1.3 Skoolrok met wapen op
2.1.4 Oopnek skoolhemp

2.1.5 Skool se oortrektrui met skoolwapen op linker bors (opsioneel)
2.1.6 Skoolbaadjie (opsioneel). Die dra van die skoolbaadjie is verpligtend tydens saalbyeenkoms, prysuitdeling of enige ander formele funksie soos deur die skoolhoof bepaal.
2.1.7 Skool se reënbaadjie (mag alleenlik op reëndae gedra word). Geen lapelwapens word op die reënbaadjie toegelaat.
2.1.8 Skool se langmoutrui met skoolwapen op linker bors (opsioneel).
2.1.9 Sportdrag volgens die betrokke sportkode.

2.2 **Wintersdrag**

2.2.1 Swart skoolskoene (nie seemsleer of materiaal afwerkings nie)
2.2.2 Skoolrok met wapen op of grys langbroek
2.2.3 Donkerblou of swart kouse
2.2.4 Langmouhemp met ‘n skooldas
2.2.5 Skoolbaadjie. Die dra van die skoolbaadjie is verpligtend tydens saalbyeenkoms, prysuitdeling of enige ander formele funksie soos deur die skoolhoof bepaal.
2.2.6 Skool se reënbaadjie. Geen lapelwapens word op die reënbaadjie toegelaat.
2.2.7 Skool se langmoutrui met skoolwapen op linker bors
2.2.8 Slegs skoolserpe mag gedra word.
2.2.9 Geen ander klerasie van enige aard, behalwe ‘n reënjas, mag by die skooldrag, soos voorgeskryf in die reëls, gedra word nie. (Dit sluit mussies in)
2.2.10 Sportdrag volgens die betrokke sportkode.

2.3 **Hare**

2.3.1 Hare langer as die onderkant van die kraag moet gevleg of vasgebind wees
2.3.2 Hare mag nie in die oë of gesig hang nie
2.3.3 Waar ekstra hare ingeweef / ingevleg of verlengstukke bygevoeg is, mag dit nie soveel hare wees dat dit buite proporsie tot die kop grootte is nie.
2.3.4 Waar ekstra hare ingeweef / ingevleg of verlengstukke ingevoeg is, mag dit nie so lank wees dat dit buite proporsie tot die kop grootte is wanneer vasgemaak nie.
2.3.5 Hare moet ‘n natuurlike kleur wees / hare mag nie definitiewe verskillende kleure wees nie
2.3.6 Vlegsels, ingeweefde hare en verlengstukke moet so ná moontlik aan die leerder se natuurlike haarkleur wees.
2.3.7 Sagte draaivlegsels (dreadlocks) is ontoelaatbaar.
2.3.8 Leerders se hare moet te alle tye netjies en skoon wees.
2.3.9 Geen eksotiese of onnatuurlike haarstyle word toegelaat nie
2.3.10 Die algemene snit moet ‘n netjiese indruk skep
2.3.11 ‘n Gedeelte van die kop mag nie geskeer word nie / indien dit wel is, moet dit bedek word met hare of kopband in skoolkleure

2.3.12 Haar-bykomstighede: net donkerblou, rooi, geel en wit (om by skoolkleure te pas), of swart en bruin (om by die haarkleur te pas).

2.4 **Juweliersware en oorringe**

2.4.1 Slegs een stel klein oorringetjies of knopies ("studs") van silwer of goud of met 'n klein, deurskynende steentjie /pêreltjie is toelaatbaar in onderkant van die oor.
2.4.2 Geen deursigtige / swart pennetjies om nuwe gaatjies op enige sigbare plek oop te hou nie.
2.4.3 "Stretchers" wat gaatjies groter rek word nie toegelaat nie.
2.4.4 Geen ringe, knopies of stawe wat ingeskiet is, word op enige sigbare plek toegelaat nie.
2.4.5 Geen ringe, armbande of kettinkies nie, behalwe 'n armhorlosie of Medic Alert armband.

2.5 **Naels**

2.5.1 Naels moet kort wees.
2.5.2 Slegs kleurlose naellak word toegelaat.

3 **ALGEMENE REËLS BETREFFENDE VOORKOMS (Seuns en meisies)**

3.1 Tatoeëermerke: Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees wanneer leerder sy/haar skooluniform of sportdrag aan het nie. Die leerder moet 'n baadjie of langmou hemp of broek dra of die tatoeëermerk met 'n vleeskleurige pleister bedek. Hierdie reël geld ook vir skoolfunksies of skoolaktiwiteite (op of weg van die skoolperseel) waartydens leerders spesifiek toegelaat word om siviele drag te dra.
3.2 Geen grimering word toegelaat nie.
3.3 Leerders mag alle verworwe lapelwapentjies (verkry deur prestasie bv. SL, VRL, Klaskaptein, Top 20 ens.) op hul lapel vertoon. Dit is meestal wapentjies met 'n rooi agtergrond. Van die ander wapentjies (wat meestal verbondenheid aan verengings, geesvang, sport, ens. simboliseer) mag hoogstens twee op die lapel gedra word.

4 **VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE**

4.1 Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die voorskrifte wat in die kleredrag en voorkoms beleid bepaal is.
4.2 Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te motiveer en te staaf.

4.3 Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.

4.4 In die oorweging van ‘n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir ‘n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag.

4.5 Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.

BYLAAG 2

BELEID OOR AFKOELKAMER

1. INLEIDING

Hierdie dokument is die beleid oor die Afkoelkamer van Hoërskool Brackenfell, wat die skoolbeheerliggaam in 2018 goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; die Wet op Beskerming teen Teistering 17 van 2011; die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, en die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind, 1989.

Alle leerders is geregtig om skool te gaan in 'n openbare skool wat 'n rustige, veilige en geborge leeromgewing daarstel. Die Hoërskool Brackenfell is van voornemens om alle leerders van 'n billike leergeleentheid te voorsien. Daarvoor het die skool 'n beduidende belang in die skepping van 'n rustige, veilige, ordelike en beleefde skoolomgewing om onderrig en leer te bevorder.

Ernstige klasontwrigting is nadelig vir die skoolomgewing en leerders se leer, prestasie en welstand. Dit meng in met die missie van die skool om leerders te onderrig, en ontwrig skoolbedrywighede. Klasontwrigting raak nie net die leerders of onderwyser teen wie dit gerig word nie, maar ook diegene wat aan sodanige gedrag deelneem of dit aanskou. Dit moet dus aan bande gelê word om leerderveiligheid en 'n inklusiewe leeromgewing te verseker.

HIERDIE BELEID MOET SAAM MET DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS GELEES WORD, EN MAAK OOK 'n INTEGRALE DEEL DAARVAN UIT.

2. WOORDOMSKRYWING

Afkoelkamer is die klaskamer waarna verwys word waarheen die leerder gestuur word wat hom/ haar skuldig gemaak het aan ernstige klasontwrigting en sodoende mede-leerders van 'n leergeleentheid ontneem.

Afkoelvorm is 'n dokument wat voltooi moet word deur die betrokke klasonderwyser wat 'n leerder weens ernstige klasontwrigting uit 'n klas gestuur het, sy ouers in kennis gestel het en dan die vorm op rekord geliasseer het.

3. RASIONAAL VIR DIE BELEID

Belangrikheid van ‘n rustige, veilige en geborge leeromgewing

‘n Rustige, veilige en geborge leeromgewing moet vir elke leerder in die skool geskep word omdat . . .

- elke skool ‘n plig het om elke leerder se fundamentele reg op onderwys te beskerm;
- inskrywing by ‘n skool ‘n leerder se fundamentele reg op onderwys beskerm;
- ‘n skool wat ‘n leerder uit ‘n klaskamer neem wat ander leerders van doeltreffende leer ontneem en die leeromgewing ernstig ontwrig, heel waarskynlik leerderveiligheid en prestasie sal verbeter.

4 TOEPASSING EN PROSEDURE

4.1 Hierdie beleid geld vir enige leerder, opvoeder en nie-opvoeder by die skool, sowel as enige besoeker of vrywilliger wat gedrag openbaar wat op ernstige leeromgewing ontwrigting neerkom en mede-leerders ontneem van doeltreffende leer. Ál die voormelde persone is verantwoordelik om aan hierdie beleid te voldoen.

4.2 Die volgende stappe moet gevolg word deur die betrokke onderwyser:

4.2.1 Waarsku leerders met swak gedrag, skryf hul naam op die bord.
4.2.2 Klasonderwysers moet rekord hou van die swak gedrag en detensiepunte gee waar nodig.
4.2.3 Indien die leerder steeds nie wil saamwerk nie, voltooi die Afkoelvorm en druk die interkom.
4.2.4 Stuur die leerder na die Afkoelkamer. ‘n Betroubare mede-leerder moet die leerder vergesel.
4.2.5 Die hoof / adjunkhoof sal reeds oor die interkom die onderwyser op toesig in die Afkoelkamer inlig dat die leerder oppad is. Indien die leerder nie binne 5 min. opdaag nie, word die kantoor weer gekontak oor die interkom.
4.2.6 Die leerder meld aan by die toesig-onderwyser in die Afkoelkamer.
4.2.7 Die leerder kan rustig aangaan met sy/haar werk en kan wanneer die klok lui weer terugkeer na die volgende klas.

4.2.8 Die betrokke klas-onderwyser voltooi ‘n Afkoelvorm en plaas die leerder se Afkoelvorm in die betrokke graadlêer vir latere gebruik as intervensie voor die einde van die dag.

4.2.9 Die klas-onderwyser stuur voor die einde van die skooldag ‘n SMS of epos aan die leerder se ouers oor sy swak gedrag en lig hulle in dat hul kind vir ‘n periode uitgestuur is.

Let wel: Hierdie stelsel is net vir ernstige gedragsprobleme en waar u klas in so ‘n mate ontwrig word, dat u verhoed word om aan te gaan met u les en die onderrig van mede-leerders ontneem word.

BYLAAG 3

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Van leerders word verwag om aan ten minste een somer- en een wintersport deel te neem. Van leerders wat aan skoolsport deelneem word verwag om:

1. geklee te wees in die sportdrag soos in die kleredragreëls van die betrokke aktiwiteit uiteengesit, voor, tydens en na deelname aan sodanige aktiwiteit.
2. lojaal teenoor die skool en mede-deelnemers te wees.
3. stiptelik aan te meld by wedstryde of vertrekpunte na en van wedstryde en daar teenwoordig te bly totdat hulle verskoon is.
4. te alle tye hoflik op te tree teenoor en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van:

4.1 die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sportsoort;

4.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit;

4.3 die spankaptein.

5. selfbeheersing en dissipline toe te pas. Onsportiewe gedrag en vuil of beledigende taal mag nie gebruik word nie.

Sanksies en optrede teen vuil- en onsportiewe spel word in die gedragskode van elke sport vervat. Sanksies teen oortreders moet in die sport self geneem word, behalwe in baie ernstige gevalle waar die skool se beeld in die oortreding ernstig benadeel is.

BYLAAG 4

VERBODE AREAS

1. Fietsloods (weeksdae vanaf 07:40 tot 14:30)
2. Onderwysers parkeerarea
3. Werkerseenhede en stoorkamers
4. Area tussen Ossie Theron sentrum en astrobaan (weeksdae vanaf 07:40 tot 14:30)
5. Area onmiddelik aangrensend tot die buitelyne van die B en C rugby velde, insluitende die area teenaan die skoolheining (weeksdae vanaf 07:40 tot 14:30)
6. Motorhuisarea by klein hekkie (Frans Conradie straat)
7. Adminblok en personeelkamer
8. Voorportaal van skoolgebou
9. Toilette agter paviljoen en in voorportaal
10. Motorfiets parkeerarea (weeksdae vanaf 07:40 tot 14:30)
11. Onmiddelike omgewing van groen watertenks en boorgat huisie (weeksdae vanaf 07:40 tot 14:30)
12. Onmiddelike omgewing van wit telbord / krieket muur (weeksdae vanaf 07:40 tot 14:30)
13. Onmiddelike omgewing van krieket en hammergooi nette (weeksdae vanaf 07:40 tot 14:30)
14. Ossie Theron dek area (ingesluit trappe)